Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-07-26

Liewe Ouers

GR.R 2025

Neem asseblief kennis dat aansoeke vir **Gr.R 2025** vanaf **1 – 16 Augustus 2024** aanlyn by die WKOD se webblad gedoen moet word.
Huidige Gr. RR-leerders van Klein Lochieland moet aanlyn aansoek doen vir Gr. R 2025
Volg die volgende skakel: https://wcedonline.westerncape.gov.za/admissions-202324
Bewys van registrasie wat u van die WKOD af ontvang, moet asb. na Klein Lochieland na adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za gestuur word. Onthou om op die WKOD aansoek **Laerskool Lochnerhof** en nie Klein Lochieland nie, aan te dui.

GR.RR – 2025

Gr.RR-aansoeke vir 2025 se aansoekproses is oop. Aansoek- en registrasievorms is beskikbaar by Laerskool Lochnerhof by admin@lochnerhof.co.za. Stuur u aansoek vir 2025 so gou moontlik na die skool.
Geen aanlynregistrasie is nodig vir gr.RR 2025 nie – slegs die skool se vorms moet voltooi word.

KLEIN LOCHIELAND "FLEECY TOPS"

Ons verkoop hierdie jaar donkerblou "fleecy tops" vir die kleuters met die Klein Lochieland logo op teen R250-00 per "top". Ons het nog voorraad en daar is van die volgende groottes beskikbaar:
4-5 jariges
5-6 jariges
7-8 jariges en
9-10 jariges
Indien u nog belangstel stuur die kontant in 'n koevert skool toe, met die grootte en u kleuter se naam voorop, asb.

KOERANTE
Ons benodig asb. steeds “ou” koerante vir die tafels.

WAGKLAS
Die wagklas sal voortaan op reëndae in die Hasieklas wees. Andersins speel hul buite.

PADVEILIGHEID
Aangesien albei grade volgende week *Padveiligheid* behandel, wil ons ‘n beroep op die ouers doen om ons te help:

- Noem die gevare aan u kleuter om by ‘n motor aan die pad se kant uit te klim
- Verduidelik waarom ‘n voetoorgang gebruik moet word.
- Verduidelik die belangrikheid vir ‘n ouer om te stop by ‘n stopteken en om by die korrekte kleur van ‘n verkeerslig te stop.
- Om 60 km per uur in die dorp te ry en waarom?
- Waarom daar padtekens is en ons as bestuurders dit moet nakom?

Terwyl u in die motor ry kan u hierdie gesprekke met u kleuter voer.

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir die week is:		**PADVEILIGHEID**
Ons persepsies is:		Getal: **8, ag en agste** Klank: **u-klank**
Assessering:		**Adres** **Selfoonnommer van een ouer** **Posisie: Bo, onder, voor, agter en langs** **Vorms** **Ouditiewe geheue: 3 tot 4 woorde**
Maandag	29 Julie:	***Bring prente wat ‘n u-klankie bevat, asb. Bv. mus of bus***
Dinsdag	30 Julie:	Ons leer van verskillende padtekens
Woensdag	31 Julie:	Bak-en-Brou: ‘n Verkeerslig
Donderdag	1 Augustus:	Storie volgorde
Vrydag	2 Augustus:	Lekkertjiedag

GRAAD RR-INLIGTING:

EKSTRA KLERE
Onthou asb. om ‘n ekstra stel **WARM** klere vir u kleuter in die tas te pak, vir ingeval u kind baie nat raak by die skool.
Hulle moet ook met ‘n warm baadjie skool toe kom, asb! Hulle speel reeds vroeg buite en kry dan baie koud.

Ons tema vir die week is:	**PADVEILIGHEID**
Ons persepsies is:	Getal: **4** Klank: **e-klank** Kleur: **Rooi** Vorm: **Hart**

Maandag	29 Julie:	Ons verf ‘n verkeerslig
Dinsdag	30 Julie:	Ons leer meer oor ‘n voetoorgang
Woensdag	31 Julie:	Ons kleur ‘n motorbestuurder in
Donderdag	1 Augustus:	***Aanlynregistrasie: WKOD webblad- Graad R registrasie vir 2025. Stuur bewys van registrasie, asb.***
Vrydag	2 Augustus:	Bak-en-Brou: ‘n Verkeerslig Lekkertjiedag

Geniet die naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel